

Sing vooraf staande: Psalm 66:2 (p. 320)

- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 104:1, 21 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlikheid:
- 21 Al wie die HEER se lof mishaaag, / laat hul soos stof voor wind vervaag!
My siel, wat uitsing tot Gods eer – / sing onvermoeid, en loof die HEER!

Skriflesing: 2 Korintiërs 13

Teks: 2 Korintiërs 13:13; Heidelbergse Kategismus Sondag 8

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal. (2 Korintiërs 13:13 AFR1953)

Elke keer wanneer ons in 'n formele vergadering met God saamkom, seën Hy ons.

- Hy doen dit twee keer: Aan die begin en aan die einde van die samekoms.
- Hy doen dit met die seën van sy Drie-Enige teenwoordigheid in ons lewens.

Toe u gedoop is, het God al hierdie die seën van die Drie-Enige God aan u gegee:

- U behoort aan die Drie-Enige herskeppende God.
- Hy is die alleensaligmakende God wat U onder alle omstandighede vertroos met wat u ook al nodig het.

Watter mens lewe daar wat nie hierdie seën van die Drie-Enige God nodig het nie? Ons het baie keer onder verskillende omstandighede die seën van die Drie-Enige God nodig om ons te versterk:

- Soms staan ons by 'n graf waar ons iemand baie naby aan ons aan die aarde toevertrou in die geloof dat hy/sy weer gaan opstaan.
- Ander kere is daar hartseer oor ons eie sondes.

- Ander kere is daar angs oor ernstige siekte.
- Baie kere voel ons op die een of die ander manier bedreig.

Dit is net die seën van die Drie-Enige God wat so groot is dat dit vir al hierdie dinge verligting gee.

Ons deel hierdie preek in drie dele. Ons gaan in elkeen van die verskillende dele kyk na die manier hoe elke een van die drie Persone van ons Enige God ons tydens ons lewe en in ons dood versterk en troos:

1. **Die Seun het ons verlos.**
2. **Die Vader het ons uitverkies en bewaar ons.**
3. **Die Heilige Gees maak ons heilig.**

1. Die Seun het ons verlos.

Elke mens wat eerlik met homself en met die Here is, weet dat hy uit homself en uit sy natuur baie makliker by die duiwel aansluiting kry as met die Here.

- Tog verstoot die Here ons nie.
- Daar staan geskryf dat God sy eie Seun vir ons in die dood oorgegee het sodat ons deur hierdie daad al God se genade kan kry:

Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" (Romeine 8:32 AFR1953)
(Vergelyk ook Johannes 3:16.)

Noudat die Here se toorn oor al ons sondes gestraf is, is die verhouding heeltemal anders tussen ons en Hom.

- Na die sondeval was ons doodgewoon sondaars wat die beeld van God in ons geskend het, en wat ons aan die sondes oorgegee het.
- Nou is daar as gevolg van die versoening deur die bloed van Jesus Christus so 'n teer verhouding tussen God en ons dat Hy ons sy kinders noem.

Natuurlik is ons nie bloedkinders van die Here soos wat ons die spesifieke verwantskap tussen ons onderling op die aarde ken nie. Maar dit is tog waar dat ons die Here se eiendom is – sy werklike eiendom in tyd en ewigheid.

Wat is die inhoud daarvan dat ons kinders van God is?

- Christus het ons liggeme en ons siele van die doderyk en van die mag van die Satan af verlos en vrygemaak.
- Terselfdertyd beteken dit dat Hy ons met God die Vader versoen het.

Die Here Jesus het nog meer met ons gedoen as om ons net kinders van God te maak.

- Jesus het ons van die Satan verlos en Hy het ons ook van onself verlos.
- Hy het ons verlos van dinge soos ons willoosheid teen die sonde en ons skuldgevoelens wanneer ons sonde gedoen het.

Die Here Jesus het ons ook vrygemaak van die geweld van die sonde – want elke sonde het in homself die geweld van die hel – en die daarmee gepaardgaande oorheersing deur die duiwel.

- Ons is verder ook vrygespreek van die skuld waarmee ons as gevolg van al hierdie dinge voor God staan.

Hierdie verlossing deur die Here Jesus is nie gedeeltelik asof ons ook iets moet bydra nie.

- Dit is ook nie voorwaardelik nie.
- Hy het dit uit vrye wil gedoen in die volle sterkte van sy almag.

Ons algehele onmag word verwoord in Psalm 116:2:

*Om my was bande en strikke van die dood;
en angste van die hel het my laat bewe;
ek was benoud, vol droefheid was my lewe;
maar 'k het die HEER gesmeek in al my nood:*

Solank as wat ons in hierdie bedeling lewe, sal hierdie verlossing deur ons Here Jesus ons nodigste troos en hoop bly, want ons is nog nie in die volmaaktheid nie.

- In hierdie lewe is daar baie bande wat ons aan pyn wil vasmaak, soos byvoorbeeld verleiding in die sonde in.
- Of smarte wanneer die mense wat die naaste aan ons is doodgaan.
- Baie keer is ons diep teleurgesteld in ander mense wanneer ons deur hulle verontreg word.

As dit al was wat ons kon oorkom, sou ons dit dalk nog kon hanteer.

- Die probleem kom daarby dat al hoe sterker mens se geloof word, al hoe meer giftige vyande kry jy.
- Hulle tart jou met dinge soos byvoorbeeld dwaalleer, of hulle benadeel jou vooruitgang en bevordering by jou werk.

Daarom is dit uiters nodig dat elke gelowige daagliks sal besef dat hy/sy in ons Here Jesus se beskerming 'n toekoms het wat heeltelmal bo hierdie aardse geploeter uitstyg tot in die volmaakte heerlikheid van God in.

2. Om die die seën van die Drie-Enige God nog meer volledig te maak, gee ons aandag aan nog 'n saak wat hiermee saamgaan, naamlik: Die Vader het ons uitverkies en bewaar ons.

Die seën van die Here in die Ou Testament is baie sprekend van wat die seën van God vir mense beteken.

- Uit Genesis 12:2 is dit duidelik dat die betekenis wat jou lewe het, gekoppel is aan die seën van die Here.
- Die Here het vir Abraham gesê:

En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. (Genesis 12:2 AFR1953)

Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees.

Uit Genesis 49:25 is dit duidelik dat die seën van die Almagtige God dinge soos reën uit die hemel oor ons laat uitsak.

- Selfs die fonteinwater en boorgatwater wat diep onder die grond uit kom, is deel van sy seën.

. . . van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. (Genesis 49:25 AFR1953)

- Deuteronomium 28:8 voeg ons graanskure en alles wat ons aanpak by.

Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal gee. (Deuteronomium 28:8 AFR1953)

- Waaraan ons baie keer nie dink nie, is dat die seën van die Here ook betrekking het op die land wat Hy aan ons gee. Vergelyk ook Jeremia 31:23.

So sê die HERE van die leërskaare, die God van Israel: Weer sal hulle hierdie woord sê in die land Juda en in die stede daarvan, as Ek hulle lot verander: Mag die HERE jou seën, o woning van geregtigheid, heilige berg! (Jeremia 31:23 AFR1953)

Die hele verlossing wat ons in die Here Jesus Christus het, is inderwaarheid bewaring deur die Vader ook.

- Ons lees in Efesiërs 1:4 dat die Here ons voor die skepping al uitverkies het en dat Hy toe al besluit het dat ons in Jesus Christus heilig gemaak sal word sodat ons vlekkeloos voor Hom kan verskyn in die oordeelsdag.

Die Here Jesus self sê ook dat Hy en die Vader een is, en dat wie Hom gesien het, die Vader ook gesien het.

- Daarom is dit so logies dat die Vader se bewaring oor ons in Jesus Christus se versoening vasgemaak sal wees.
- Ons dink byvoorbeeld aan die Here Jesus se gebed toe Hy gebid het dat van dié wat die Vader Hom gegee het, nie een verlore gegaan het nie (Johannes 17).

God die Vader was van die vroegste jare af al daarvoor besorgd dat ons moet weet dat sy seën elke sekonde van ons bestaan oor ons bevestig is.

- Dink maar net daaraan dat Hy beveel het dat sy seën elke keer amptelik oor sy volk bevestig moes word met die woorde:

Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. (Numeri 6:24-26 AFR1953)

- Die Here het gesê dat sy Naam oor sy uitverkore volk gaan lê wanneer hierdie seën oor hulle uitgespreek word.

Ons is dus vir die Here nie net gewone skepsele nie.

- Ons is vir Hom so kosbaar dat Hy sy raadsplan so opstel dat sy Seun 'n vervloekte dood moet sterf om ons te red.
- Die effek daarvan is dat ons elke dag kan reken op die Here se bewaring.
- As ons swarmoedig word oor enige iets wat verkeerd loop of nie na wense gaan nie, kan ons maar weet dat die Here en sy beskerming nog steeds oor ons is.

Dit is juis waarom ons gelowiges weet dat daar nie iets soos toeval is dat dinge maar gebeur en per ongeluk saamloop nie.

- Elke sekonde van my lewe is sorgvuldig deur my hemelse Vader bepaal.
- So deeglik dat daar nie eers een haar van my kop kan afval sonder dat die Vader daarvoor besluit het nie.
- Ons is dus verseker daarvan dat ons nie aan die noodlot oorgegee is nie – ons bestaan binne die grense van God se raadsbeplanning.

Dit is nogal nodig dat ons dit moet weet, want nie een van ons is net sterk nie.

- Ons is almal uitgelewer aan inherente swakhede op bepaalde punte.
- Almal van ons kan in ons geloof verval as ons nie bewaar bly nie.

- Nie een van ons se insigte is so skerp dat ons nêrens 'n fout maak nie.

3. Die Vader bewaar ons uiteraard fisies, sodat ons liggaamlik en materieel gesond en heel kan wees, maar Hy bewaar ons natuurlik ook geestelik. Daarom kyk ons ten slotte na die volgende: Die Heilige Gees maak ons heilig.

Die Heilige Gees werk in die onsigbare wêreld. Hy werk in ons hart.

- Hy werk met dinge soos ons gewete en ons verstand en ons insig.
- Hy laat ons verstaan wat die Here wil hê en wat nie.
- Hy lei ons om met wysheid op te tree.

Wat het dit met die seën van die Drie-Enige God te doen?

- Die seën van die Drie-Enige God is dat die Heilige Gees ons lewe heilig maak.
- Hy lei ons nie net om regverdiger te lewe en minder verkeerde dinge te doen nie,
- Hy lei ons ook so dat ons innerlik van die sonde afskei.
- Hy lei ons om wedergebore te word en om daagliks 'n lewe van wedergebore te lewe.

Kom ons sê dit 'n bietjie anders: Hy verander ons hart en ons gewete so dat ons handewerk ook meer bekwaam is om die koninkryk van God te bou.

Wat gebeur met 'n mens wat elke dag lewe met die vaste besef van hierdie troos dat die Drie-Enige God hom beskerm en bewaar?

- So 'n mens raak rustig.
- Sy lewe gee ook geloofsvrugte, want hy lewe met sy hart en verstand verlig deur die Here self.
- Anders gestel: Die Heilige Gees vestig die raadsplan van die Vader en die versoening deur Jesus Christus in die mense vir wie dit bedoel is.

Luister na die Here Jesus se eie woorde:

En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: (Johannes 14:16 AFR1953)

. . . maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. (Johannes 14:26 AFR1953)

Deur sy getuienis, sy krag en sy inwoning in ons maak die Heilige Gees ons bereid en gewillig om aanhoudend teen die sonde te stry, en as ons geval het, laat Hy ons weer opstaan uit die kwaad.

Hy maak ons gewillig om ons onbekwaamhede te beveg en vir die Here te lewe. Dit staan mos geskryf in Romeine 8:15, 16 dat die Heilige Gees ons lei om te bid en om te weet dat ons God se kinders is (vgl. ook 1 Korintiërs 2:12).

Die Heilige Gees lei ons so dat ons deur alle teëspoede, armoede, siekte, smaad onreg of wat ook al oor ons mag kom, moed bly hou en God van harte bly liefhê en dien – om God Drie-Enig te dien, en om getroos te wees.

Kom ons lees saam wat ons hiervan bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 8:

Vraag 24: Hoe word hierdie artikels ingedeel?

Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees (a)?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het (b) dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

(a) Deut 6:4; Ef 4:6; Jes 44:6; 45:5; 1 Kor 8:4, 6. (b) Jes 61:1; Luk 4:18; Gen 1:2, 3; Ps 33:6; Jes 48:16; Matt 3:16, 17; 28:19; 1 Joh 5:7; Jes 6:1, 3; Joh 14:26; 15:26; 2 Kor 13:13; Gal 4:6; Ef 2:18; Tit 3:5, 6.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 119:48, 53 (p. 595)

48 Dis 'n lig wat klare kennis / aan eenvoudiges ontdek;
dis die asem van die lewe / wat ek diep na binne trek.
Wend U dan nie weg van my nie, / wees my gunstig na die reg
wat in u verbondsgeheim'nis / aan u volk is toegeseg.

53 Tot U roep ek; Heer, verhoor my, / en verlos my, maak my trou,
dat ek u getuïenisse / heel my lewe lank kan hou.
Op u woord steun my verwagting: / smôrens by die eerste lig
is my oë en my hande / en my stem tot U gerig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 4 April 2010